13 - 16 jaar

My Refleksie

# Bybel Joernaal

Boek 1

& Gees

Heuningsoet Woord

Psalm 19:10&11

'n Self-doen Refleksie Bybel Joernaal vir tieners 13 tot 16 jaar.
Saamgestel en geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Tydens die deurwerk van hierdie Refleksie Joernaal gaan jy daagliks aan verskillende Bybelgedeeltes blootgestel word. Deur afwisselend tussen die Ou en Nuwe Testament te beweeg, sal jy kosbare ontdekkings maak van wie God is en wat Sy plan vir die mens is. Soos jy die Woord bestudeer en dieper daaroor nadink, bid ek dat Heilige Gees jou ook sal wys hoe jy die Woord deel van jou eie lewe kan maak. Jy sal met tyd meer leer van God se karakter en wie Hy werklik is. God is goed en regverdig en Sy Woord getuig daarvan. Soos jy die dissipline aanleer om gereeld tyd in God se Woord spandeer, sal dit tot gevolg hê dat jy in jou geloof groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks toegewyd en puntsgewys deur die Bybelgedeeltes te beweeg, sal jy:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- leer om te reflekteer wat God vir jou, op daardie oomblik deur die Bybelverse wil sê
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- beleef hoe Heilige Gees vir jou sekere woorde of verse uitlig waarmee Hy spesifiek met jou wil gesels op die oomblik
- leer om vanuit die Woord te bid
- jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- leer om die kern/ hart of tema van 'n spesifieke Bybelteks te identifiseer soos Heilige Gees dit aan jou openbaar op daardie oomblik
- met groter aandag en intensie Bybelverse te bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord, deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- waardevolle beloftes van God aan jou, neer te skryf en te memoriseer en so in jou hart en gedagtes vas te lê.
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer
- God se kommunikasie deur die verse van Sy Woord te ervaar en...
- 'n lewenslange fondasie te vorm, van hoe om die Bybel prakties deel van jou lewe te maak en daardeur 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie Reflekterende Bybel Joernaal tot seën wees vir jou!

**Alle Bybel aanhalings is gemaak vanuit die Afrikaans 1983 vertaling.*

Hierdie *Refleksie* **Bybel Joernaal** behoort aan:

______________________________________

Datum:

__________________________

**Riglyne vir die deurwerk van hierdie 30 dae *Refleksie Joernaal*:**

- Elke dag se Bybelgedeelte is gehaal vanuit die *1983 Afrikaanse Bybelvertaling*. Indien jou Bybelvertaling verskil van die 1983 vertaling, is jy welkom om die dag se Bybelgedeelte in jou eie Bybel op te soek en dan daaruit te lees. Op hierdie wyse sal jy ook beter leer waar die verskillende Bybelboeke in jou eie Bybel is. Vergelyk jou vertaing met die 1983 vertaling indien dit anders is.

- Indien jy nie merkies wil maak, verse wil beklemtoon ("highlight") of wil onderstreep in jou eie Bybel nie, is die ***Refleksie Joernaal*** se daaglikse Bybeluittreksel daar vir jou om lekker te reflekteer, merk en in te kleur wat vir jou uitstaan of aanraak.

- Onthou, hierdie is jou joernaal. Leef jou in die Bybeltekste in. Maak dit jou eie en skryf alles wat in jou hart en gedagtes opkom neer in die spasies waar die vrae is. Skryf neer waaroor jy wonder (hoe snaaks of vreemd dit mag klink). Skryf jou vrae neer selfs al het jy nie antwoorde daarop op daardie oomblik nie - jy sal verbaas wees hoe Heilige Gees jou lei in die Waarheid oor verloop van tyd!

- Soos jy deur die daaglikse Bybelgedeeltes beweeg sal jy agterkom dat jy nuuskierig kan raak wat voor die dag se uittreksel gebeur het, of wat daarna gaan plaasvind. Dis hoe Heilige Gees jou honger maak om meer tyd in die Woord te spandeer. Stop vir 'n dag en lees verder soos wat jy voel Heilige Gees jou lei.

- **BELANGRIK VOOR ELKE LES:** Vra vir Heilige Gees om jou by te staan terwyl jy deur jou Bybel gaan lees en tyd met Hom gaan spandeer.

# Dag 1 Lukas 9:18-27

Die belydenis van Petrus.

Die eerste lydensaankondiging

18 Op 'n keer terwyl Jesus eenkant besig was om te bid, het sy dissipels by Hom saamgekom. Toe vra Hy hulle: "Wie, sê die mense, is Ek?"

19Hulle antwoord: "Johannes die Doper; party sê weer: Elia, en party: 'n profeet van die ou tyd het opgestaan."

20"Maar julle," het Hy gevra, "wie, sê julle, is Ek?" Toe antwoord Petrus: "Die Gesalfde van God."

21Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel, 22"want," het Hy gesê, "die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word."

Om Jesus te volg

23Toe het Hy vir almal gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg, 24want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou.

25"Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan? 26Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid en die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele. 27Ek sê vir julle die waarheid: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterf voordat hulle die koninkryk van God gesien het nie."

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') al Jesus se woorde.

3. Skryf 'n vers neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte dra.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n antwoord hierop te hê nie).

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.


Vers : ____________

Gebed :

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 2 PSALMS 63

### Ek bly altyd naby U

1 'n Psalm van Dawid, na aanleiding van sy verblyf in die Judawoestyn.

2 Ek soek U, o God, my God,ek dors na U; ek smag na U soos in 'n dor en droë land, 'n land sonder water.

3Ek wil by U in die heiligdom wees om daar u mag en grootheid te ondervind.

4U troue liefde is meer werd as die lewe;

daarom sal ek U prys. 5Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u Naam te prys.

6Soos elke keer wanneer ek u goeie gawes geniet, sal ek U altyd roem met jubelende mond.

7As ek aan U dink op my bed, oor U peins in
die nag, dan weet ek: 8U is vir my 'n hulp,en
dan juig ek oor die beskerming onder u
vleuels. 9Ek bly altyd naby U, u hand
ondersteun my.

10Maar hierdie mense wat my ondergang soek, mag hulle wegsink in die dieptes van die aarde!

11Mag hulle aan die swaard oorgegee word

en aas vir die jakkalse word!

12Laat die koning hom in God verbly,

laat elkeen wat hom op God verlaat, Hom prys. Die mond van die vals mens word toegestop.

1. Kleur 'n vers in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Dawid se kerngedagte of rede hoekom hy hierdie Psalm geskryf het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Kies 'n vers wat 'n belofte vanuit God se hart beskryf en skryf dit neer.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van Dawid neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat het jy geleer uit hierdie Psalm?

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 3 EKSODUS 32

## Die goue kalf

1Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir hom gesê: "Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Hierdie man Moses het nou wel vir ons uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie."

2Aäron het hulle geantwoord: "Haal die goue oorringe van julle vrouens, julle seuns en julle dogters se ore af en bring dit vir my."

3Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. 4Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak.

Toe sê die volk: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!"

5Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: "Môre is daar fees vir die Here!"

6Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan. 7Toe sê die Here vir Moses: "Klim van die berg af, want jou volk wat jy uit Egipte laat wegtrek het, het iets vreesliks gedoen. 8Hulle het gou die pad verlaat wat Ek vir hulle aangewys het en hulle het vir hulle 'n beeld van 'n bulkalf gemaak. Nou aanbid hulle hom en bring vir hom offers en sê: Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel."

9Verder het die Here vir Moses gesê: "Ek het gesien dat dit 'n opstandige volk is hierdie. 10Moet My nie probeer keer nie. Ek is toornig op my volk en Ek wil hulle vernietig. Vir jou sal Ek dan tot 'n groot nasie maak."

11Maar Moses het by die Here sy God gepleit en gesê: "Here, waarom is U toornig op u volk vir wie U deur u groot mag en met kragtige dade uit Egipte bevry het? 12Waarom moet die Egiptenaars kan sê: 'Hy het die Israeliete bevry met die bose plan om hulle tussen die berge dood te maak en hulle heeltemal te vernietig'?

"Laat u toorn bedaar en wees u volk genadig. Moet tog nie dié ramp oor hulle laat kom nie. 13Dink aan wat U met 'n eed beloof het aan u dienaars, aan Abraham, Isak en Israel toe U vir hulle gesê het: Ek sal julle nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Die hele landstreek wat Ek belowe het, sal Ek vir julle nageslag gee om vir altyd in besit te neem."

14Toe het die Here daarvan afgesien om die ramp waarvan Hy gepraat het, oor sy volk te bring.

15Daarna het Moses omgedraai en van die berg af gegaan met die twee plat klippe waarop die getuienis was, in sy hand. Aan weerskante was daar op hulle geskryf, 16en dit was die werk van God. Dit was 'n inskripsie wat deur God op die klippe gegraveer is.

17Toe Josua die volk hoor lawaai, sê hy vir Moses: "Daar is oorlog in die kamp!"

18Maar Moses het gesê: "Dit klink nie na oorwinning nie, dit klink nie na neerlaag nie, wat ek hoor, klink na feesviering."

19Toe Moses naby die kamp kom en die kalf en die dansery sien, het hy woedend geword en die twee plat klippe in sy hand flenters gegooi teen die voet van die berg. 20Daarna vat hy die kalf wat hulle gemaak het, gooi dit in die vuur, maal dit fyn

soos stof en strooi dit op die water. Toe laat hy die Israeliete die water drink.

21Moses het vir Aäron gesê: "Wat het hierdie volk jou aangedoen dat jy hulle hierdie groot sonde laat doen het?"

22Maar Aäron antwoord: "U moenie kwaad wees nie. U weet self hoe sleg die volk is. 23Hulle het vir my gesê: 'Maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Hierdie Moses het nou wel vir ons uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie.' 24Toe sê ek vir hulle: 'Dié wat goud aan hulle het, moet dit afhaal en vir my gee.' Ek het dit in die vuur gegooi, en hierdie bulkalf het daaruit gekom."

25Toe Moses hoor dat dit die volk is wat op loop gesit het, en dat dit Aäron is wat hulle op loop laat sit het, sodat hulle 'n spot by hulle vyande geword het, 26het hy by die ingang van die kamp gaan staan en gesê: "Wie vir die Here is, kom hier na my toe!"

Al die Leviete het om hom bymekaargekom.

27Moses sê toe vir hulle: "So sê die Here die God van Israel: Elkeen moet sy swaard vat, kruis en dwars deur die kamp gaan en doodmaak, ongeag of dit familie, vriende of bure is."

28Die Leviete het gedoen wat Moses gesê het, en daardie dag is sowat drie duisend om die lewe gebring.

29Toe het Moses vir die Leviete gesê: "Vandag is julle gewy vir diens aan die Here, want julle het selfs teen seuns en broers opgetree. Om hierdie rede gee die Here vandag aan julle hierdie besondere voorreg."

30Die volgende dag het Moses vir die volk gesê: "Julle het 'n ernstige sonde gedoen, maar ek klim nou na die Here toe op en miskien kry ek by Hom vir julle vergifnis vir julle sonde."

31Moses het toe na die Here toe teruggegaan en gesê: "Hierdie volk het 'n ernstige sonde gedoen deur vir hulle 'n god van goud te maak. 32Vergewe tog hulle sonde. As dit nie kan nie, moet U my naam maar uitvee uit die boek wat U geskrywe het."

33Maar die Here het hom geantwoord: "Nee, Ek sal hulle wat teen My gesondig het, se name uit my boek uitvee. 34Gaan lei jy nou die volk na die plek toe waarvan Ek met jou gepraat het. My engel sal voor jou uit gaan. Op die dag dat Ek rekenskap eis, sal Ek die volk straf oor hulle sonde."

35Die Here het die volk met 'n ramp getref oor die kalf wat Aäron op hulle aandrang gemaak het.

1. **Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of met jou hart praat.**

2. **Wat se Bybelkarakter in hierdie storie staan vir jou uit en hoekom?**

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. **Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?**

___________________________________

___________________________________

___________________________________

# Dag 4 HANDELINGE 9:1-19

## Saulus se bekering

1Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan 2en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange te neem en na Jerusalem toe te bring.

3Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal. 4Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

5"Wie is U, Here?" vra hy toe.

"Ek is Jesus," antwoord Hy. "Dit is vir My wat jy vervolg. 6Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen."

7Die mense wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan. Hulle het die stem gehoor maar niemand gesien nie. 8Toe Saulus van die grond af opstaan en sy oë oopmaak, kon hy nie sien nie. Hulle het sy hand gevat en hom na Damaskus toe gelei. 9Drie dae lank kon hy nie sien nie en het hy niks geëet of gedrink nie.

10In Damaskus was daar 'n sekere volgeling van Jesus met die naam Ananias. Die Here het hom in 'n gesig geroep: "Ananias!"

"Hier is ek, Here," het hy geantwoord.

11En die Here sê vir hom: "Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na 'n man van Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid 12en hy het in 'n gesig 'n man met die naam Ananias sien inkom wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien."

13Maar Ananias sê: "Here, ek het al by baie mense van hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het. 14En nou is hy hier met volmag van die priesterhoofde om almal gevange te neem wat u Naam aanroep."

15Toe sê die Here vir hom: "Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel. 16Ek self sal vir hom wys hoeveel hy vir my Naam moet ly."

17Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus die hande opgelê en gesê: "Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word."

18Onmiddellik het daar iets soos skille van Saulus se oë afgeval en kon hy weer sien. Toe het hy opgestaan en hy is gedoop; 19en hy het geëet en sy kragte herwin.

1. Kies een vers wat jy graag sal wil memoriseer of onthou vir altyd.

______________________________________

______________________________________

______________________________________

2. Beklemtoon ('highlight') 'n belofte wat jy raaksien wat God aan jou gee.

3. Wat het jy geleer vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Onderstreep al Jesus se woorde.

5. Kan jy dink aan enige vraag waaroor jy wonder, wat jy graag sal wil vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het. Skryf dit hieronder neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Watter waarheid oor wie God (Jesus) is, word vir jou uitgebeeld in hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Kies 'n Bybelkarakter vanuit die Skrifgedeelte en vertel hoekom jy van sy optrede hou / nie hou nie.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

8. Watse voorbeeld van Anannias kan jy ook nastreef om te volg?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 5 GENESIS 3:1-24

1Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?"

2Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. 3God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons."

4Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken."

6Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. 7Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere.

8Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. 9Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"

10En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip."

11Die Here God vra toe: "Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?"

12Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet."

13Toe vra die Here God vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" en sy sê: "Die slang het my mislei, en ek het geëet."

14En die Here God sê vir die slang: "Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die diere. Op jou maag sal jy seil en stof sal jy eet, jou lewe lank. 15Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt." 16Vir die vrou het die Here God gesê: "Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers."

17Vir die mens het die Here God gesê: "Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, "is die aarde deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank; 18die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet; 19net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word."

20Die mens het sy vrou Eva genoem; sy was die moeder van al die mense. 21Daarna het die Here God vir die mens en sy vrou velklere gemaak, en hulle dit aangetrek.

22Toe het die Here God gesê: "Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!"

23Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is. 24Die Here God het die mens uitgedryf, en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy oos van die tuin van Eden gerubs gesit, en ook 'n vlammende swaard wat heen en weer beweeg.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (highlight) God se woorde oral waar Hy met die mens gepraat het.

3. Skryf ‘n vers neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte dra.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig ‘n antwoord hierop te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Noem die effek (nagevolg) van sonde (ongehoorsaamheid aan God) wat hier voorkom word.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Hoe kan jy anders as enige van hierdie Bybekarakters optree, of dalk iets nuuts leer vanuit hulle foute.

Karakter: ___________________________

My optrede sal wees _________________

___________________________________

___________________________________

8. Skryf ‘n waarheid neer van wie God is / ‘n karkatereienskap van God wat jy vanuit die Bybelgedeelte agterkom.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## **Dag 6** FILIPPENSE 2:1-11

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Die voorbeeld van Jesus Christus

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

6Hy wat in die gestalte van God was,het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, 8het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

9Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is,die knie sou buig, 11en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

1. Onderstreep 'n vers/e wat vir jou uitstaan.

2. Skryf 'n vers/sin neer wat jy glo die hart van die Skrifgedeelte bevat.

3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig / verander deur meer so te leef.

4. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ______________________________

6. Skryf 'n waarheid oor Jesus neer wat jy vanuit hierdie teks waarneem.



## Dag 7 JESAJA 59:1-21

### Ons sondes kla ons aan

1Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie.

2Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie.

3Julle hande is met bloed bevlek, julle vingers met onreg. Julle praat net leuens, julle bedink net onreg. 4Niemand stel sy saak eerlik nie, geen uitspraak is betroubaar nie. Almal vertrou op leë woorde, wat hulle sê, is nie waar nie, hulle is swanger van kwaad, hulle bring onreg voort. 5Hulle broei slangeiers uit, hulle weef spinnerakke. Wie van daardie eiers eet, sterf; as dit oopgebreek word, kom daar slange uit.

6Hulle spinnedrade deug nie vir klere nie,

hulle kan hulle nie toemaak met wat hulle gemaak het nie; hulle dade is misdade, hulle pleeg net geweld. 7Hulle is daarop uit om kwaad te doen, hulle aarsel nie om onskuldige bloed te vergiet nie. Hulle planne is bose planne: oral waar hulle gaan, is daar verwoesting en ondergang.

8Hulle ken nie so iets soos 'n pad van vrede nie, waar hulle loop, is daar geen reg nie; hulle loop krom paaie, wie hulle volg, sal nie vrede ken nie. 9Daarom is daar geen sprake van reg en geregtigheid vir ons nie. Ons wag op lig, maar dit bly donker, ons wag op 'n straaltjie lig, maar ons pad bly pikdonker.

10 Ons tas teen die mure soos blindes, ons tas rond soos mense wat geen oë het nie. Ons struikel helder oordag soos in die skemer, ons is soos dooies onder gesonde mense. 11Ons is almal soos grommende bere, soos duiwe wat kla en kla. Ons wag op reg, maar daar is geen reg nie, op redding, maar dit bly ver van ons af.

12Ons oortredings teen U is baie, ons sondes kla ons aan. Ons oortredings bly ons by, ons bly bewus van ons sondes: 13die oortreding en die geveinsdheid teenoor die Here, die ontrou teenoor ons God, die beplanning van onderdrukking, die verdraaiing van die reg, die uitdink en rondvertel van leuens.

14Die reg het van die toneel verdwyn, die geregtigheid is ver van ons af, want die waarheid struikel waar daar reg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie.

15Die waarheid het verdwyn, wie ophou om kwaad te doen, word daaroor vervolg. Die Here het dit gesien en dit is verkeerd in sy oë dat daar geen reg is nie.

16Hy sien dat daar niemand tussenbeide tree nie, Hy is verbaas daaroor. Daarom tree Hy self op en laat Hy self sy geregtigheid geld. 17Hy trek geregtigheid aan soos 'n pantser en redding is die helm op sy kop; Hy trek straf aan as klere, Hy hang woede om Hom soos 'n mantel.

18Hy vergeld volgens verdienste: toorn vir sy teëstanders, straf vir sy vyande, vergelding vir die eilande soos hulle verdien. 19Van oos tot wes sal die Naam en die mag van die Here geëer word. Wanneer die teëstander aanstorm soos 'n rivier, jaag die Gees van die Here hom op loop.

20Die Here kom na Sion toe as Verlosser, na dié toe in Jakob wat hulle van hulle sonde bekeer. So sê die Here.

21Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê,

sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie.

1. Onderstreep 'n vers of twee vanuit die Skrifgedeelte, wat met jou hart gepraat het terwyl jy daardeur gelees het.

2. Waaroor wonder jy soos wat jy deur die teks gelees het? Skryf dit neer.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Skryf 'n belofte neer wat jy sien God aan Sy kinders gee vanuit die verse.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Wat is die effek van sonde wat jy raaklees vanuit die Skrifgedeelte van vandag?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Trek 'n sikel om die vers(e) wat vir jou interessant is.

7. Wat se waarheid oor wie God is leer jy vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 8 KOLOSSENSE 1:1-23

1 Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, en van die broer Timoteus.

2 Aan almal in Kolosse wat aan God behoort, getroue broers in Christus.

Genade en vrede vir julle van God ons Vader!

### Ons dank God vir julle

3 Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle 4 omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges. 5Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is. 6Die evangelie het julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle van die dag af dat julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. 7Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in julle belang. 8Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in julle gewek is.

### Ons bid vir julle

9Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken, 10sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God. 11Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard. 12Met blydskap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig. 13Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet. 14Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.

### Die voorrang van die Seun

15 Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.

16 God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders.

Alles is deur Hom en vir Hom geskep.

17Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. 18Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.

19God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon 20en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen. God het ook julle met Homself versoen

21Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse. 22Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel. 23Maar dan moet julle vas en

sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie. Dit is die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig is en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat jou oog vang.

2. Beklemtoon (highlight) ‘n waarheid oor Jesus wat jy vanuit die teks raaklees.


3. Skryf ‘n sin neer wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte opsom.

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig ‘n antwoord hierop te hê nie).

5. Wat dink jy wil God vir jou leer of sê deur hierdie Bybel gedeelte?

6. Het jy iets nuuts geleer of van bewus geword terwyl jy deur die verse gelees het?

7. Skryf ‘n vers  of sin vanuit die verse neer wat jy wil memoriseer of onthou vir altyd.



## Dag 9 PSALMS 23

### Die Here is my herder

1'n Psalm van Dawid.

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.

2Hy laat my rus in groen weivelde.

Hy bring my by waters waar daar vrede is.

3Hy gee my nuwe krag.

Hy lei my op die regte paaie

tot die eer van sy Naam.

4Selfs al gaan ek deur donker dieptes,

sal ek nie bang wees nie,

want U is by my.

In u hande is ek veilig.

5U laat my by 'n feesmaal aansit,

terwyl my teëstanders moet toekyk.

U ontvang my soos 'n eregas,

ek word oorlaai met hartlikheid.

6U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly

en ek sal tuis wees in die huis van die Here

tot in lengte van dae.

1. Kleur 'n vers in wat vir jou uitstaan ('highlight').

2. Wat dink jy was Dawid se kerngedagte hoekom hy hierdie Psalm geskryf het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Kies 'n vers of sin wat 'n belofte vanuit God se hart aan Sy kinders beskryf en skryf dit neer.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van Dawid neer wat jy opmerk vanuit die Psalm.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat het jy geleer vanuit hierdie Psalm?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Skryf 'n vers neer wat vir jou 'n duidelike prentjie beskryf (visualiseer) wanneer jy dit lees.

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## **Dag 10** JOHANNES 1:1-18

### Die Woord het mens geword


1 In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. 2 Hy was reeds in die begin by God. 3 Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie. 4 In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense. 5Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

6Daar was 'n man wat deur God gestuur is. Sy naam was Johannes. 7Hy het gekom om te getuig; hy moes getuig van die lig, sodat almal deur hom tot geloof kon kom. 8Hy was self nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.

9Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe. 10Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie. 11Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. 12Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. 13Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.

14Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

15Johannes getuig van Hom en roep uit: "Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: Hy wat ná my kom, is my vóór, want Hy was voor my reeds daar."



16Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang. 17God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom. 18Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon (highlight) die dele wat na Jesus verwys.

3. Wat leer jy vandag nuut vanuit hierdie verse ?

______________________________

______________________________

______________________________

4. Watter voorbeeld van Johannes kan jy ook nastreef of uitleef?

______________________________

______________________________

______________________________

5. Skryf 'n vraag neer waaroor jy wonder nadat jy die verse deurgelees het.

______________________________

______________________________

______________________________

6. Skryf 'n belofte (vanuit vandag se Skrif) wat God aan elkeen van Sy kinders gee.

______________________________

______________________________

______________________________

# Dag 11 AMOS 5:1-27

### Israel het geval

1 Hoor hierdie woord wat ek teen julle moet sê, hierdie treurlied, Israel:

2Israel het geval en hy sal nie weer opstaan nie; hy lê neergegooi op sy grond en niemand help hom op nie.

3So het die Here my God gesê: Die stad wat met duisend gaan aanval, hou net honderd oor, en dié een wat met honderd aanval, hou net tien oor vir Israel.

### Vra na my wil, dan sal julle lewe

4So sê die Here vir Israel:

Vra na my wil, dan sal julle lewe!

5Moenie in Bet-El gaan raad soek nie, moenie na Gilgal toe gaan of verbygaan Berseba toe nie. Gilgal sal in ballingskap weggevoer word, en Bet-El sal tot niet gaan.

6Vra na die wil van die Here, dan sal julle lewe!

As julle dit nie doen nie, sal die Here vir Josef soos 'n vuur tref, 'n vuur wat vir Bet-El sal verteer sonder dat iemand dit kan blus.

7Julle maak van die regspraak 'n bitter saak, julle trap die reg in die grond in.

8Hy deur wie die Sewester en Orion gemaak is, Hy wat die donker in oggendlig verander en die dag donker nag laat word, Hy wat die water van die see roep en dit oor die aarde uitstort, sy Naam is die Here.

9Dit is Hy wat die magtige met vernietiging tref, wat vernietiging oor die vestingstad bring.

### Julle moet haat wat verkeerd is

10Julle haat dié wat vir die reg opkom in die howe,

julle verafsku dié wat die waarheid praat.

11Omdat julle die arm mens vertrep en van hom koring afpers, sal julle nie woon in die huise van gekapte klip wat julle bou nie en sal julle nie die wyn drink van die pragtige wingerde wat julle plant nie.

12Ek weet hoe baie julle oortredings is, hoe groot julle sondes is, julle wat die vyande is van dié wat reg doen, julle wat julle laat omkoop en nie aan die armes reg laat geskied nie.

13Dit is daarom dat 'n verstandige mens maar stilbly in hierdie tyd, want dit is 'n bose tyd.

14Probeer goed doen, nie verkeerd nie, dat julle kan lewe! Dan sal die Here die almagtige God so by julle wees soos julle sê dat Hy is.

15Julle moet haat wat verkeerd is, julle moet liefhê wat goed is, julle moet opkom vir die reg in die howe. Dan sal die Here die almagtige God Hom dalk ontferm oor wat daar van Josef oor is.

16So sê die Here, die almagtige God, die Here: Die mense sal treur op al die oop ruimtes, hulle sal op al die strate sê: "Ag tog, ag tog!" Hulle sal die boere en die treursangers roep om saam te kom treur.

17Daar sal ook in al die wingerde getreur word, want Ek gaan tussen julle deur om julle te straf, sê die Here.

### Die dag van die Here bring donker

18Ellende wag vir dié wat smag na die dag van die Here! Waarom verlang julle na die dag van die Here?

Dit sal donker bring, nie lig nie; 19dit sal wees soos wanneer iemand vir 'n leeu vlug

en 'n beer val hom aan, of soos wanneer iemand tuiskom en hy leun met sy hand teen die muur en 'n slang pik hom.

20Die dag van die Here bring donker, nie lig nie, net duisternis, nie 'n ligstraal nie.

21Ek haat, Ek verafsku julle feeste, Ek het niks aan julle feestye nie.

22Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie, en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers van vetgevoerde kalwers nie.

23Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie!

24Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom,

laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom.

25Moes julle vir My die veertig jaar in die woestyn diereoffers en graanoffers bring, Israel?

26Julle sal julle koning Sikkut en julle afgodsbeeld Kijun, dié stergode wat julle vir julle gemaak het,moet dra 27wanneer Ek julle in ballingskap laat wegvoer ver by Damaskus verby, sê die Here.

Sy Naam is Almagtige God.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang vanuit die Bybelgedeelte.

2. Beklemtoon ('highlight') beloftes wat God aan elke mense gee vanuit vandag se Skrifgedeelte.

3. Wat dink jy wil God vir jou sê nadat jy hierdie Bybelgedeelte deurgelees het?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

4. Watter karaktereienskap(pe) van God kom sterk na vore in die verse soos jy daardeur gelees het?

______________________________________

______________________________________

______________________________________

5. Is daar moontlik 'n aanpassing in jou lewe of geloof wat jy moet maak, sodat jy meer sal leef soos wat die Bybel in hierdie verse vir jou leer?

______________________________________

______________________________________

______________________________________



**Dag 12** HEBREËRS 1

### Die uitnemende grootheid van die Seun van God

1In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, 2maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. 3Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel. 4Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam.

5Immers, aan wie van die engele het God ooit gesê: "Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader," en ook: "Ek sal sy Vader wees, en Hy sal my Seun wees" ?

6En wanneer God die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: "Al die engele van God moet Hom aanbid."

7Van die engele sê Hy: "Hy maak sy engele stormwinde en sy dienaars vuurvlamme."

8Maar van die Seun sê Hy: "U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied. 9U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote."

10En verder: "U, Here, het in die begin die aarde gevestig, en ook die hemel is die werk van u hande. 11Dié dinge sal vergaan, maar U bly bestaan; soos 'n kledingstuk sal alles verslyt; 12soos klere sal U dit oprol; ja, soos 'n kledingstuk sal dit vervang word. Maar U, U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie."

13Van watter engel het Hy ooit gesê: "Sit aan my regterhand, totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het" ?

14Is hulle dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf nie?

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vandag met jou hart praat.

2. Beklemtoon (highlight) die dele wat iets beskryf van / oor wie Jesus is.

3. Gee 'n nuwe tema/ opskrif aan vandag se Bybelgedeelte in jou eie woorde.

________________________________

________________________________

4. Het jy 'n vraag nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (Jy hoef nie noodwendig die antwoord te hê hierop nie).

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

6. Skryf 'n waarheid oor wie God is, wat jy raaklees in hierdie Skrifgedeelte.

________________________________

________________________________

________________________________



## Dag 13 NUMERI 21:1-20

### Die Kanaäniete word verslaan

1Toe die Kanaänitiese koning Arad wat in die Suidland woon, verneem dat Israel in die rigting van Atarim optrek, het hy teen hulle gaan veg en 'n aantal van hulle gevange geneem. 2Israel het 'n gelofte aan die Here gedoen: "As U hierdie volk en hulle stede in ons mag gee, sal ons hulle stede as banoffers aan U offer."

3Die Here het die gebed verhoor en die Kanaäniete in Israel se mag oorgegee. Hulle het toe die Kanaäniete verslaan en hulle stede heeltemal verwoes. Daarom word die plek Gorma genoem.

### Die koperslang

4 Om by die gebied van Edom verby te kom, het die Israeliete van Horberg af in die rigting van die Rietsee getrek. Op pad daarheen het die volk ongeduldig geword 5en teen God en Moses uitgevaar: "Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe? Hier is nie brood en water nie, en ons is sat vir hierdie slegte kos."

6Die Here het toe giftige slange onder die volk ingestuur. Die slange het die mense gepik en baie Israeliete het gesterf. 7Toe kom die volk na Moses toe en bely: "Ons het teen die Here en teen u gesondig met wat ons gesê het. Bid tog tot die Here dat Hy die slange van ons af wegneem."

Moses het toe vir die volk gebid, 8en die Here het vir Moses gesê: "Maak 'n beeld van 'n giftige slang en sit dit op 'n paal. Elkeen wat gepik is en daarna opkyk, sal lewe."

9Moses het toe 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit. As iemand wat deur 'n slang gepik is, na die koperslang opkyk, het hy bly leef.

### Die verdere reis na Moab toe

10Die Israeliete het weggetrek en by Obot kamp opgeslaan. 11Daarvandaan het hulle versit en kamp opgeslaan by Ije-Abarim in die woestyn regoor Moab, aan die oostekant. 12Hulle het daarvandaan weggetrek en kamp opgeslaan in die Seredvallei.

13Daarvandaan het hulle weer versit en kamp opgeslaan langs die Arnonrivier wat uit die gebied van die Amoriete deur die woestyn loop. Die Arnon is die grens tussen Moab en die Amoriete. 14Daarom lees ons in die Boek van die Oorloë van die Here:

"By Waheb in Sufa en by die spruite, by die Arnon, 15teen die hange langs die spruite wat strek tot by die gebied van Ar en grens aan die gebied van Moab."

16Daarvandaan het Israel verder getrek tot by Beër. Dit is die Beër waar die Here vir Moses gesê het: "Laat die volk bymekaarkom en Ek sal vir hulle water uit die put gee."

17Israel het toe hierdie lied gesing: "Put, lewer jou water, en ons sal daarvan sing!

18Put wat deur leiers gegrawe is, wat deur vernames van die volk oopgemaak is met septer en kierie."

Van die woestyn af is die Israeliete na Mattana toe, 19van Mattana af na Nagaliël toe, van Nagaliël af na Bamot toe, 20en van Bamot af na die vallei in die gebied van Moab, naby die top van Pisgaberg wat afkyk op die droë wêreld.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Beklemtoon ('highlight') die belofte wat God aan Sy volk gemaak het.

3. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer ('n prentjie van te maak).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy, wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Hoe dink jy het God se hart gevoel toe Sy kinders so optree soos die teksgedeelte beskryf?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Watter karaktereienskap van Moses is vir jou mooi? Hoe kan jy meer verander om ook so te wees?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



## Dag 14 1 PETRUS 2:1-10

### Die volk van God, gebou op die kosbare hoeksteen

1 Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery. 2Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. 3Julle het immers ondervind dat die Here goed is.

4Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. 5Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. 6Daarom staan daar in die Skrif:

“Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.”

7Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword” 8en:

“'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp.”

Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.

9Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig. 10Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

1. Verhelder ‘n vers of twee in kleur wat vir jou uitstaan en met jou hart praat.

2. Skryf ‘n vers of sin neer, wat jy glo die hele Skrifgedeelte opsom.

________________________________

________________________________

________________________________

3. Wat kom jy vir die eerste keer agter nadat jy hierdie stuk gelees het of wat besef jy opnuut nadat jy hierdie Skrif deurgelees het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

5. Trek ‘n sirkel om die verse wat die waarheid beskryf, van wie JY is in God se oë.



# Dag 15 PSALMS 149

Die Here is goed vir sy volk

1 Prys die Here!

Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot sy lof in die vergadering van sy troue dienaars.

2Laat Israel hom verheug in sy Maker, laat die volk van Sion jubel oor die Here hulle koning.

3Laat hulle sy Naam prys met koordanse,

laat hulle speel tot sy eer op tamboeryn en lier.

4Die Here is goed vir sy volk, Hy kroon die hulpeloses met oorwinning.

5Sy troue dienaars juig oor sy mag, jubel selfs as hulle op hulle beddens gaan lê.

6Die roem van God klink uit hulle mond, en in hulle hand is die swaard, alkante geslyp,

7waarmee hulle die nasies sal verslaan en die volke sal straf.

8Hulle sal die konings van daardie nasies met kettings vasbind, hulle aansienlikes met ysterboeie,

9en die vonnis aan hulle voltrek soos dit vasgestel is. Dit sal die triomf wees van al die troue dienaars van God.

Prys die Here!

1. Kleur 'n vers of sin in wat met jou hart 'gesels' of wat vir jou mooi is.

2. Beskryf die Psalmskrywer se emosies terwyl hy hierdie Psalm geskryf het.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

3. Skryf 'n vers neer wat 'n waarheid oor God beskryf (wie Hy is).

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Skryf 'n mooi karaktereienskap van die Psalmskrywer neer wat jy opmerk vanuit hierdie Psalm.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat het jy geleer vanuit hierdie Psalm?

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 16 RIGTERS 1:1-36

### Die verowering van die land

1Na die dood van Josua het die Israeliete die Here geraadpleeg. Hulle het gevra: "Wie van ons moet eerste teen die Kanaäniete gaan veg?"

2Die Here het geantwoord: "Juda moet gaan. Ek gee die land oor in sy mag."

3Toe sê Juda vir sy broer Simeon: "Kom saam met my na die gebied toe wat aan my toegesê is, dan veg ons saam teen die Kanaäniete. Ek sal dan weer saam met jou gaan na jou gebied toe."

### Simeon is toe saam met hom.

4Juda het toe gaan veg, en die Here het die Kanaäniete en die Feresiete in Juda se mag oorgegee en hy het in Besek tien duisend man verslaan. 5Daar het hy op Adoni-Besek afgekom en teen hom geveg en die Kanaäniete en die Feresiete verslaan. 6Adoni-Besek het gevlug, maar Juda het hom agternagesit en hom gevang. Hulle het sy duime en groottone afgesny. 7Toe sê Adoni-Besek: "God het my nou die straf gegee wat ek verdien, want ek het sewentig konings se duime en groottone laat afsny, en hulle moes kos soek onder my tafel." Juda het vir Adoni-Besek na Jerusalem toe gevat, en hy is daar dood.

8Juda het teen Jerusalem geveg en dit ingeneem. Hulle het sy inwoners doodgemaak en die stad aan die brand gesteek. 9Daarna het Juda gaan veg teen die Kanaäniete wat gewoon het op die Bergland, in die Suidland en in die Laeveld.

10Toe het Juda teen die Kanaäniete van Hebron gaan veg en vir Sesai, Agiman en Talmai verslaan. Hebron was vroeër bekend as Kirjat-Arba. 11Van hier af het Juda teen die mense van Debir gaan veg. Debir was vroeër bekend as Kirjat-Sefer.

12By daardie geleentheid het Kaleb beloof: "Ek sal my dogter Aksa as vrou gee aan die man wat vir Kirjat-Sefer aanval en inneem."

13Otniël seun van Kenas, 'n jonger broer van Kaleb, het dit ingeneem, en Kaleb het sy dogter Aksa vir hom as vrou gegee. 14Toe sy by hom kom, het hy haar aangepor om vir haar pa landbougrond te vra. Sy het van haar donkie afgeklim en Kaleb het vir haar gevra: "Wat wil jy vir my vra?"

15Toe sê sy vir hom: "Gee my 'n stuk vrugbare grond. U het my die droë Suidland gegee. Gee my nou ook standhoudende water."

Kaleb het toe vir haar fonteine in die hooggeleë deel en fonteine in die laaggeleë deel gegee.

16Die Keniete, afstammelinge van Moses se skoonpa, het saam met Juda uit die Palmstad getrek na die Judawoestyn toe. Dit was geleë in die Suidland by Arad. Hulle het by die volk daar gaan woon.

17Juda het met sy broer Simeon saamgespan en die Kanaäniete verslaan wat in Sefat woon. Hulle het die stad in puin gelê en dit Gorma genoem.

18-19Die Here was by Juda, en hulle het die Bergland in besit geneem. Maar Juda kon nie die inwoners van die Vlakte verslaan en hulle stede verower nie, want hulle het ysterstrydwaens gehad. Hulle stede was Gasa, Askelon en Ekron, elkeen met sy grondgebied.

20Soos Moses beveel het, is Hebron aan Kaleb gegee, en hy het die drie nasate van Enak uit Hebron verdryf.

21Die Jebusiete het in Jerusalem gewoon, en die Benjaminiete het hulle nie verslaan nie. Hulle woon nou nog saam met die Benjaminiete in Jerusalem.

22Die Josefstam het na Bet-El toe opgeruk en die Here was by hulle. 23Hulle het verkenners na Bet-El toe gestuur. Bet-El was vroeër bekend as Lus. 24Die verkenners het 'n man uit die stad sien kom en vir hom gevra: “Wys ons tog hoe om in die stad te kom. Ons sal jou goed behandel.”

25Hy het vir hulle gewys hoe om in die stad te kom. Die Josefstam het toe die stad verower en sy mense doodgemaak maar hierdie man en sy hele familie gespaar. 26Hy is toe na die Hetiete toe en daar het hy vir hom 'n stad gebou en dit Lus genoem. Dit is nou nog die stad se naam.

27Manasse kon nie die stede Bet-San en Taänak en hulle buitedorpe verslaan nie, ook nie die inwoners van die stede Dor, Jibleam en Megiddo en hulle buitedorpe nie. Die Kanaäniete was sterk genoeg om in daardie stede te bly woon. 28Toe die Israeliete sterker geword het, het hulle die Kanaäniete dwangarbeid laat doen maar nie die stede ingeneem nie.

29Ook Efraim het nie die Kanaäniete wat in Geser gewoon het, verslaan nie. Hulle het in Geser by Efraim bly woon.

30Sebulon het nie die inwoners van Kitron en Nahalal verslaan nie. Die Kanaäniete het by Sebulon bly woon en moes dwangarbeid doen.

31Aser het nie die inwoners van Akko, Sidon, Aglab, Aksib, Gelba, Afek en Regob verslaan nie. 32Die mense van Aser het tussen die Kanaäniete wat daar gebly het, gaan woon, want Aser het hulle nie verslaan nie.

33Naftali het nie die inwoners van Bet-Semes en Bet-Anat verslaan nie. Hy het tussen die Kanaäniete wat daar gebly het, gaan woon, maar die inwoners van Bet-Semes en Bet-Anat moes dwangarbeid doen vir Naftali.

34Die Amoriete het vir Dan berg-in gedryf en hom nie in die laagte laat kom nie. 35Die Amoriete was sterk genoeg om in Har-Geres, Ajalon en Saälbim te bly woon. Maar toe die Josefstam sterker geword het, moes die Amoriete dwangarbeid doen.

36Die grens van die Amoriete het by Skerpioenpas by die klip begin en het daarvandaan verder geloop.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________


___________________________________

3. Wat dink jy wil God vir jou leer of bewus van maak deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 17 Lukas 1:5-38

## Die geboorte van Johannes die Doper word aangekondig

5In die tyd van koning Herodes van Judea was daar 'n priester met die naam Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron afgestam, en haar naam was Elisabet. 6Hulle was albei getrou aan die wet van God en het onberispelik al die gebooie en voorskrifte van die Here onderhou. 7Hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was albei reeds op ver gevorderde leeftyd.

8 Op 'n keer toe Sagaria in die beurt van sy diensgroep besig was om die priesterdiens voor God te verrig, 9is hy volgens die priesterlike gebruik deur die lot aangewys om in die tempel van die Here in te gaan en die wierook op die altaar te brand. 10Terwyl die wierookoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite besig om te bid. 11Toe verskyn daar aan die regterkant van die wierookaltaar 'n engel van die Here aan hom. 12Sagaria het geskrik toe hy hom daar sien staan en hy het baie bang geword, 13maar die engel sê vir hom: “Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem. 14Hy sal 'n bron van blydskap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte, 15want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees. 16Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God. 17En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei.”

18Toe sê Sagaria vir die engel: “Waaraan sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my vrou is al op ver gevorderde leeftyd.”

19Die engel antwoord hom: “Ek is Gabriël, wat in diens van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding vir jou te bring. 20Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal word, nie geglo het nie.”

21Intussen het die volk vir Sagaria gestaan en wag en begin wonder waarom hy so lank in die tempel bly. 22Toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Hulle kom toe agter dat hy in die tempel 'n gesig gesien het. Hy het net aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly. 23Toe die tyd van sy tempeldiens om was, het hy huis toe gegaan.

24Na daardie tyd het sy vrou Elisabet swanger geword en haar vyf maande lank afgesonder. Sy het gesê: 25“Die Here het dit vir my gedoen. Nou het Hy na my omgesien om my smaad onder die mense weg te neem.”

## Die geboorte van Jesus word aangekondig

26In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. 27Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28Toe die engel by haar kom, sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.”

29Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. 30Die engel sê toe vir haar:

“Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. 31Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. 32Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 33en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.”

34Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?”

35Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. 36Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand.

37Niks is vir God onmoontlik nie.”

38Maria sê toe: “Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.”

Toe het die engel van haar af weggegaan.

1. Omkring ‘n vers of twee wat jou oog gevang het soos jy daardeur gelees het.

2. Beklemtoon in kleur (‘highlight’) ‘n vers wat ‘n karkatereienskap van God beskryf en vir ewig waar is.

3. Skryf ‘n sin (in jou eie woorde) neer wat jy glo die Skrifgedeelte opsom / saamvat.

______________________________

______________________________

______________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

6. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het? Dalk het jy net weer opnuut bewus geword van iets soos jy deur die verse gelees het… skryf dit neer.

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



## Dag 18 EKSODUS 12:1-30

### Die instelling van die paasfees

1In Egipte het die Here vir Moses en Aäron gesê: 2"Hierdie maand is vir julle die belangrikste maand; dit moet die eerste maand van die jaar word. 3Sê vir die hele gemeente van Israel: Elkeen moet sorg dat hy op die tiende van hierdie maand 'n lam vir sy gesin het, vir elke huisgesin een. 4As 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, kan 'n man en sy naaste buurman dit onder mekaar verdeel volgens die getal persone. Julle moet die lam deel volgens elkeen se behoefte. 5Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n skaap of 'n bok. 6Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag. 7Julle moet van die bloed smeer aan die sykante en die bokant van die deurkosyn van elke huis waar julle die lam gaan eet. 8Nog dieselfde nag moet julle die vleis eet. Julle moet dit gebraai eet, saam met ongesuurde brood en bitter kruie. 9Julle moet dit nie rou of in water gekook eet nie, maar oor die vuur gebraai, met kop, pootjies, binnegoed en al. 10Julle mag niks daarvan tot die volgende môre laat oorbly nie. As daar die volgende môre tog iets oor is, moet julle dit verbrand. 11Julle moet dit haastig eet, aangetrek vir die reis, skoene aan die voete en kierie in die hand. Dit is die paasfees van die Here.

12"Daardie selfde nag sal Ek deur Egipte gaan om al die eerstelinge van die Egiptenaars, mens en dier, te tref. Met al die Egiptiese gode sal Ek afreken. Ek is die Here! 13Die bloed aan die huise waarin julle is, sal 'n teken wees: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie.

14"Hierdie dag moet vir julle 'n gedenkdag wees. Julle moet dit as 'n fees tot eer van die Here vier. Vir julle nageslag moet dit 'n vaste instelling wees wat hulle moet vier. 15Sewe dae lank moet die brood wat julle eet, ongesuurde brood wees. Reeds op die eerste feesdag moet julle ontslae raak van suurdeeg in julle huise, want elkeen wat in die sewe dae gewone brood eet, moet van Israel afgesny word. 16Op die eerste en die sewende dag moet daar 'n gewyde byeenkoms wees. Op hierdie dae mag geen werk gedoen word nie, behalwe dat vir elkeen iets te ete voorberei kan word.

17"Onderhou die fees van die ongesuurde brood, want die eerste dag van die fees is die presiese dag waarop Ek julle stamme uit Egipte sal bevry het. Julle en julle nageslagte moet dié dag altyd as 'n vaste instelling vier. 18In die eerste maand moet julle van die aand van die veertiende af ongesuurde brood eet tot op die aand van die een en twintigste van die maand. 19Sewe dae mag daar geen suurdeeg in julle huise wees nie, want elkeen wat gewone brood eet, sal van die gemeente van Israel afgesny word. Dit geld vir vreemdelinge sowel as vir gebore Israeliete. 20Julle mag glad nie gewone brood eet nie. In al julle woonplekke moet julle net ongesuurde brood eet."

21Moses het toe al die leiers van Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: "Gaan vang vir julle gesinne elkeen 'n lam uit en slag die paaslam! 22Neem 'n bossie hisop, doop dit in 'n bak met bloed en smeer die bloed aan die bokant en die sykante van die deurkosyn. Nie een van julle mag by sy deur uitgaan voor die volgende môre nie. 23As die Here verbykom om die Egiptenaars te

tref, sal Hy die bloed aan die bokant en die sykante van die deurkosyn sien en dié deur oorslaan. Hy sal nie die dood in julle huise laat kom om julle te tref nie.

24“Julle en julle kinders moet altyd hierdie voorskrif eerbiedig. 25Wanneer julle in die land kom wat die Here vir julle gaan gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie verpligting nakom. 26As julle kinders sou vra: ‘Wat beteken hierdie verpligting?’ 27moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here omdat Hy in Egipte die Israeliete se huise oorgeslaan het. Terwyl Hy die Egiptenaars getref het, het Hy ons huise gespaar.”

Toe het die volk in aanbidding gebuig.

28Soos die Here vir Moses en Aäron beveel het, presies so het die Israeliete gedoen.

Tiende plaag: dood van die eersgeborenes

29Om middernag het die Here elke eersgeborene van Egipte laat sterf, van die kroonprins af, die eersgeborene van die farao, tot by die eersgeborene van die krygsgevangene in die tronk, selfs die eerstelinge van die diere. 30Toe die farao, al sy amptenare en al die Egiptenaars dié nag wakker word, het hulle almal bitterlik aan die huil gegaan, want daar was nie 'n enkele Egiptiese huis sonder 'n sterfgeval nie.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Kleur ‘n sin of twee in wat ‘n belofte van God aan Sy kinders beskryf.

3. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees of net weer opnuut van bewus geword het?

________________________________

________________________________

________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig ‘n antwoord hierop te hê nie).

________________________________

________________________________

________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou sê deur hierdie Skrifgedeelte?

________________________________

________________________________

________________________________

6. Van watter karaktereienskap van God word jy bewus nadat jy deur die verse gelees het?

________________________________

________________________________

________________________________



## Dag 19 MATTEUS 7:1-29

### Moenie oor ander oordeel nie

1"Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; 2met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.

3"Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? 4Of hoe kan jy vir jou broer sê: 'Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,' en intussen is daar 'n balk in jou eie oog? 5Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.

6"Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap."

### Gebedsverhoring

7"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word, 8want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

9"Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra, 10of 'n slang as hy vis vra? 11As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

12"Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete."

### Twee paaie

13"Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. 14Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min."

### Vals profete

15"Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. 16Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan dissels? 17Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 18'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie. 19Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. 20So sal julle die vals profete dan aan hulle vrugte ken."

### Hoor en doen

21"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. 22Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?' 23Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree."

### Die twee fondamente

24"Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. 25Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en

tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots. 26En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou het. 27Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes."

28Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig, 29want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat jou oog vang.

2. Kleur die verse in ('highlight'), wat die optrede van die mense beskryf nadat Jesus hulle hierdie woorde geleer het.

3. Skryf 'n opsommende sin neer, wat jy glo die tema of hart van die Skrifgedeelte beskryf.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte vandag?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

6. Wat se waarheid/waarhede wat Jesus aan die mense geleer het, staan vandag vir jou uit?

____________________________________

____________________________________

____________________________________


7. Hoe kan jy jou lewe verander sodat dit inpas by een van die voorbeelde wat Jesus gegee het oor hoe mens moet lewe?

____________________________________

____________________________________

____________________________________

____________________________________



# Dag 20 1 KONINGS 8:1-21

## Die ark word in die tempel gesit

1Daarna het Salomo die leiers van Israel, al die stamhoofde en die Israelitiese familiehoofde, by hom in Jerusalem bymekaargeroep om die verbondsark van die Here uit die Dawidstad, Sion, te laat uitbring. 2Al die manne van Israel het op die feesdag in die maand Etanim, die sewende maand, by koning Salomo vergader. 3Nadat al die leiers van Israel gekom het, het die priesters die ark opgetel 4en die ark, die tent van ontmoeting en al die toebehore van die heiligdom wat in die tent was, gedra. Die priesters en die Leviete het dit gedra. 5Koning Salomo en die hele gemeente van Israel wat saam met hom voor die ark was, het soveel kleinvee en beeste geoffer dat dit nie getel of bereken kon word nie. 6Toe het die priesters die verbondsark van die Here na sy plek toe gebring onder die vlerke van die gerubs in die binneste heiligdom van die tempel, dit is die Allerheiligste. 7Die gerubs se vlerke was oopgesprei oor die staanplek van die ark. Hulle het die ark en sy draaghoute aan die bokant bedek. 8Die draaghoute was so lank dat hulle punte gesien kon word van die voorkant van die binneste heiligdom af, maar hulle kon nie van buite af gesien word nie. Hulle is vandag nog daar. 9Daar was niks in die ark nie behalwe die twee plat klippe wat Moses by Horeb daarin gesit het toe die Here by die uittog van die Israeliete uit Egipte met hulle 'n verbond gesluit het.

10Toe die priesters uit die heiligdom kom, het 'n wolk die huis van die Here gevul. 11Daarom kon die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die huis van die Here gevul het.

## Toespraak van Salomo

12Toe het Salomo gesê: “Die Here het gesê Hy wil in duisternis woon. 13Daarom, Here, het ek vir U 'n waardige huis gebou, 'n verblyf waar U altyd kan woon.”

14Daarna het die koning sy gesig na die hele gemeente van Israel toe gedraai en die hele gemeente van Israel geseën terwyl hulle daar staan. 15Hy het gesê: “Geloof sy die Here die God van Israel wat aan my vader Dawid 'n belofte gedoen het en dit deur sy mag vervul het. Die woorde van die Here was: 16‘Van die dag af dat Ek my volk Israel uit Egipte gebring het, het Ek uit al die stamgebiede van Israel nie 'n stad gekies waar 'n tempel gebou kan word sodat my Naam daar kan wees nie, maar Ek het vir Dawid gekies sodat hy oor my volk Israel kon regeer.’

17“My vader Dawid wou 'n tempel bou vir die Naam van die Here die God van Israel, 18maar die Here het vir my vader Dawid gesê: ‘Dat dit jou voorneme is om 'n tempel vir my Naam te bou – dit is goed dat jy die voorneme het. 19Maar nie jý sal die tempel bou nie; jou seun wat uit jou voortgekom het, hý sal die tempel vir my Naam bou.’

20“Die Here het die belofte nagekom wat Hy gemaak het. Ek het my vader Dawid se plek geneem en op die troon van Israel gekom soos die Here beloof het. Die tempel vir die Naam van die Here die God van Israel het ek gebou 21en die ark waarin die verbond van die Here is wat Hy met ons voorvaders gesluit het toe Hy hulle uit Egipte gebring het, het ek daar gesit.”

**1. Onderstreep ‘n vers of twee wat vir jou uitstaan.**

2. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Hoe kan jy dieselfde as Salomo optree, of leer vanuit sy optrede- hy was immers die wysste mens op aarde!

___________________________________

___________________________________

___________________________________



8. Omkring en skryf in jou eie woorde 'n waarheid neer van wie God is / 'n karkatereienskap van God, wat jy vanuit die Bybelgedeelte raaklees.

9. Het jy ook hierdie karaktereienskap wat God besit in nr.8? Verduidelik hoekom of hoekom nie.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

## Dag 21 OPENBARING 21

### Die nuwe hemel en die nuwe aarde

1Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe
aarde gesien. Die eerste hemel en die
eerste aarde het verdwyn, en die see het
nie meer bestaan nie. 2En ek het die heilige
stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die
hemel uit sien afkom. Die stad was gereed
soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

3Toe het ek 'n harde stem van die troon af
hoor sê: "Kyk, die woonplek van God is nou
by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal
sy volke wees, en God self sal by hulle wees
as hulle God. 4Hy sal al die trane van hulle
oë afdroog. Die dood sal daar nie meer
wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar
nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het
verbygegaan."

5Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek
maak alles nuut."

En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op,
want hulle is betroubaar en waar."

6Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur.
Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die
Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te
drinke gee uit die fontein met die water van
die lewe, verniet. 7Elkeen wat die
oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal
sy God wees, en hy sal my seun wees.

8"Maar dié wat bang en ontrou geword het,
die losbandiges, moordenaars en
onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars
en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat
met vuur en swael brand, dit is die tweede
dood."

### Die nuwe Jerusalem

9Toe het een van die sewe engele wat die
sewe bakke het waarin die sewe laaste plae
was, gekom en met my gepraat. "Kom," het
hy gesê, "ek sal jou die bruid wys, die vrou
van die Lam."

10Ek is toe deur die Gees meegevoer en die
engel het my na 'n groot hoë berg toe
geneem en die heilige stad Jerusalem vir my
gewys, wat van God af uit die hemel uit
afkom. 11Die stad het die heerlikheid van
God: sy glans is soos dié van die kosbaarste
edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal.

12Die stad het 'n groot hoë muur met
twaalf poorte. By die poorte is daar twaalf
engele, en op die poorte is daar name
geskrywe, dié van die twaalf stamme van
die volk Israel. 13Aan die oostekant is daar
drie poorte, aan die noordekant drie, aan
die suidekant drie en aan die westekant
drie. 14Die stad se muur het twaalf
fondamente, en daarop is daar ook twaalf
name, dié van die twaalf apostels van die
Lam.

15Die engel wat met my gepraat het, het 'n
goue meetstok gehad om daarmee die stad
self, sy poorte en sy muur te meet. 16Die
stad is vierkantig, net so lank as wat hy
breed is. Hy het die stad toe met die
meetstok gemeet. Die lengte, die breedte
en die hoogte daarvan is dieselfde, twaalf
duisend kilometer. 17Hy het ook die muur
om die stad gemeet. Dit is honderd vier en
veertig meter hoog. Die engel het die mate
van mense gebruik.

18Die muur is met opaal gebou en die stad
self met suiwer goud wat soos 'n skoon
spieël lyk. 19Die fondamente van die
stadsmuur is met allerhande edelstene
versier: die eerste fondament met opaal,
die tweede met saffier, die derde met agaat,
die vierde met smarag, 20die vyfde met
sardoniks, die sesde met karneool, die
sewende met chrisoliet, die agste met beril,
die negende met topaas, die tiende met

chrisopraas, die elfde met hiasint en die twaalfde met ametis. 21Die twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die strate van die stad is van suiwer goud, blink soos 'n spieël.

22'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam. 23Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. 24Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan. 25Die poorte daarvan word gedurende die hele dag nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie. 26Die mense sal die luister en die rykdom van die nasies daarheen bring. 27Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou interessant is.

2. Omkring die woorde van God wat op die Troon sit.

3. Verhelder ('highlight') die beloftes wat Jesus noem wie Hy is en hoe Hy dié wat na Hom gaan, sal beloon.

4. Waaroor wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

5. Waarvan dink jy, wil God vir jou bewusmaak of wat wil Hy jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

______________________________

______________________________

______________________________

6. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie verse gelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

7. Maak 'n sterretjie om 'n vers neer wat vir jou visueel voorkom (jy kan maklik dit as 'n prentice in jou verbeelding raaksien).



# Dag 22 Jona 1:1-16

1Die woord van die Here het tot Jona seun van Amittai gekom: 2"Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is."

3Maar Jona het klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af. Jona is af Joppe toe, en daar het hy 'n skip gekry wat op vertrek was Tarsis toe. Hy het vir die reis betaal en aan boord gegaan om saam met die bemanning Tarsis toe te gaan, weg van die Here af.

4Maar die Here het 'n kwaai storm oor die see laat opkom. Daar was 'n baie sterk wind op die see, en die skip wou uitmekaar breek. 5Die matrose het bang geword, en elkeen het tot sy god om hulp geroep. Hulle het die vrag van die skip in die see gegooi om die skip ligter te maak. Maar Jona was onder in die skip waarheen hy afgegaan het om te gaan slaap. Hy het vas geslaap 6en die kaptein het na hom toe gegaan en vir hom gesê: "Wat is dit met jou dat jy lê en slaap? Staan op en bid tot jou god. Miskien sal hy aan ons dink en dan sal ons nie vergaan nie."

7Toe sê die manne vir mekaar: "Kom ons trek lootjies sodat ons kan uitvind oor wie hierdie ramp ons tref."

Hulle het lootjies getrek en Jona is aangewys. 8Toe vra hulle hom: "Vertel ons tog waarom hierdie ramp ons tref. Wat werk jy? Waarvandaan kom jy? Uit watter land en van watter volk is jy?"

9Jona het hulle geantwoord: "Ek is 'n Hebreër. Ek dien die Here die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het."

10Die manne het baie bang geword en vir Jona gesê: "Wat het jy nou aangevang?"

Hulle het te wete gekom dat hy van die Here af wegvlug: Jona het hulle dit self vertel. 11Toe vra hulle hom: "Wat moet ons met jou maak dat die see weer rondom ons kan kalm word?"

Die see het ondertussen al hoe onstuimiger geword.

12Jona het hulle geantwoord: "Vat my en gooi my in die see, dan sal dit kalm word rondom julle, want ek weet dit is oor my dat hierdie groot storm rondom julle woed."

13Die manne het hard geroei om weer die vasteland te bereik, maar hulle kon nie, want die see het al hoe onstuimiger geword rondom hulle. 14Toe bid hulle tot die Here en sê: "Ag, Here, moet ons tog nie laat vergaan oor hierdie man nie. Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie. U is die Here, U doen wat U wil."

15Hulle vat toe vir Jona en gooi hom in die see. Die storm op die see het toe bedaar.

16Die manne het toe baie bang geword vir die Here en hulle het vir Hom 'n offer gebring en geloftes afgelê.

1. **Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan of jou oog vang.**

2. **Hoe kan jy uit Jona se voorbeeld of optrede leer?**

______________________________________

______________________________________

______________________________________

3. Kleur die vers in ('highlight') wat 'n waarheid oor wie God is en hoe Hy optree, beskryf.

4. Wat dink jy is God se boodskap aan jou vanuit hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Soos wat jy deur die storiev van Jona lees, van watter karaktereienskap van God word jy bewus?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



6. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

7. Verduidelik hoe jy dink Jona gevoel het (sy emosies) na sy optrede vanuit hierdie Bybelstuk.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

# Dag 23 1 TESSALONISENSE 4

## 'n Lewe volkome aan God toegewy

1En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe. 2Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het. 3Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. 4Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe; 5julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie. 6Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku; ons het julle nadruklik hierop gewys. 7God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe. 8Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het.

9Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê. 10En dit doen julle dan ook teenoor al die broers in die hele Masedonië. Ons versoek julle egter dringend, broers: Lê julle nog meer daarop toe. 11Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het. 12Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing, en julle sal van niemand afhanklik wees nie.

## Die opstanding uit die dood

13Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. 14Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.

15Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. 16Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; 17daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.

18Troos mekaar dan met hierdie woorde.

**1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan as waarhede.**

**2. Beklemtoon ('highlight') die vers(e) wat beskryf hoe God wil hê dat ons, Sy kinders moet lewe.**

3. Skryf iets neer waarvan jy vandag opnuut bewus geword het en jy glo God onder jou aandag wil bring.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 24 EKSODUS 16

## Kos uit die hemel

1Nadat hulle Elim verlaat het, het die hele volk Israel in die Sinwoestyn aangekom wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op die vyftiende van die tweede maand nadat hulle uit Egipte getrek het. 2In die woestyn het die hele volk hulle teenoor Moses en Aäron begin verset 3en gesê: "As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom."

4Toe het die Here vir Moses gesê: "Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle my opdrag wil nakom of nie. 5As hulle op die sesde dag voorberei wat hulle ingebring het, moet dit dubbel soveel wees as wat hulle elke dag optel."

6Toe sê Moses en Aäron vir al die Israeliete: "Vanaand sal julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het, 7en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen óns verset, is niks nie."

8Verder het Moses gesê: "As die Here vanaand vir julle vleis gee en môreoggend oorgenoeg kos om te eet, sal julle besef Hy het julle verset teen Hom opgemerk. Dit was nie teen ons nie, maar teen die Here dat julle julle verset het."

9Moses het toe vir Aäron gesê: "Beveel die hele gemeente van Israel om voor die Here te kom staan, want Hy het hulle verset opgemerk."

10Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.

11Die Here sê toe vir Moses: 12"Ek het die verset van die Israeliete opgemerk. Sê vir hulle: Teen skemeraand sal julle vleis eet en teen môreoggend sal julle oorgenoeg kos hê sodat julle kan besef dat Ek die Here julle God is."

13Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg gekom en hulle het die hele kamp vol gesit.

Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die kamp, 14en toe die wolk wegtrek, was die woestyn oortrek met fyn vlokkies soos ryp. 15Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: "Wat is dit dié?" want hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir hulle: "Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet. 16Die Here het beveel: Gaan maak dit bymekaar volgens elke gesin se behoefte, twee liter per kop. Elkeen moet vat volgens die getal mense in sy tent."

17Die Israeliete het dit toe gaan optel, die een baie en die ander 'n bietjie, 18en toe hulle dit met 'n maatemmer afmeet, het dié met baie nie te veel nie, en dié met 'n bietjie nie te min gehad nie. Hulle het volgens elkeen se behoefte bymekaargemaak.

19Moses het toe vir hulle gesê: "Niemand mag iets daarvan laat oorskiet tot môreoggend nie."

20Maar hulle het nie vir Moses geluister nie. Party het daarvan tot die volgende oggend laat oorstaan, maar daar het miet in gekom en dit het gestink. Moses was

woedend oor wat hulle gedoen het. 21Hulle het dit vroeg elke oggend bymekaargemaak, volgens elkeen se behoefte, maar net as die son begin bak, het dit weggesmelt.

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Verhelder, in kleur, beloftes wat God aan Sy kinders gee.

3. Gee jou eie opskrif vir vandag se teksgedeelte.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie 'n antwoord te hê nie).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Watse Bybelkarakter se lewensvoorbeeld kan jy navolg vanuit vandag se Skrifgedeelte en op watse manier kan jy dit uitleef in jou eie lewe?

___________________________________

___________________________________

___________________________________


___________________________________

6. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 25 **SPREUKE 4**

1Kinders, neem die opvoeding wat 'n vader julle gee, ter harte;

slaan daarop ag, sodat julle kan leer wat insig is,

2want wat ek julle leer, is goed;

moenie die onderrig wat ek gee, versmaai nie.

3Ek was ook eenkeer 'n kind,

my moeder se oogappel, haar enigste.

4My vader het my toe ook geleer en vir my gesê:

"Wat ek jou sê, moet jy vashou,

my voorskrifte moet jy uitvoer, sodat jy werklik kan lewe.

5Sorg dat jy wysheid bekom, en insig!

Moenie my woorde vergeet en daarvan afwyk nie;

6maak die wysheid jou metgesel, dit sal jou beskerm;

as jy dit liefhet, sal dit jou veilig bewaar.

7Die wysheid kom eerste.

Sorg dat jy wysheid bekom,

gee alles wat jy het, om insig te kry!

8Slaan dit hoog aan, dan sal dit aan jou aansien gee.

Dit sal jou 'n man van betekenis maak as jy dit vasgryp.

9Dit sal jou lewe versier,

dit sal vir jou 'n sierlike kroon wees."

10Luister, my seun, en aanvaar wat ek jou sê;

dit sal jou lewensjare baie maak.

11Ek sal jou leer wat die pad van die wysheid is

en jou die regte koers laat loop.

12As jy loop, sal daar niks in jou pad wees nie,

en as jy hardloop, sal jy nie struikel nie.

13Hou vas aan wat ek jou leer, moet dit nie laat los nie;

bly daarby, want dit is jou lewe.

14Moenie agter die goddeloses aanloop nie,

vermy die pad van slegte mense.

15Los dit, moenie daarop loop nie,

draai weg, vermy die slegte mense;

16hulle kan nie slaap

as hulle nie kwaad gedoen het nie;

hulle lê wakker

as hulle nie iemand se ondergang bewerk het nie.

17Misdaad is hulle kos,

geweld hulle drank.

18Die pad van die regverdiges is soos helder oggendlig

wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is;

19die pad van die goddeloses is soos die donker:

hulle weet nie waaroor hulle sal struikel nie.

20My seun, hoor wat ek vir jou sê,

luister goed na my woorde!

21Moet dit nie vergeet nie,

hou dit altyd in gedagte,

22want dit beteken lewe vir dié wat daarna luister,

'n volle lewe vir hom wat dit besit.

23Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan,

want dit bepaal jou hele lewe.

24Weerhou jou van leuens,

moenie mense mislei nie.

25Hou jou oë op die pad vorentoe,

kyk reg voor jou uit.

26Baken jou koers af,

dan sal jy seker wees van elke tree.

27Moenie links of regs wegdraai nie,

weerhou jou van die verkeerde koers.

1. Onderstreep 'n paar verse wat vir jou uitstaan.

2. Kleur (highlight) 'n opdrag wat jy glo God vandag vir jou gee/uitlig, in 'n kleur waarvan jy hou.

3. Skryf 'n vers neer wat jou leer hoe om reg te lewe en waarvolgens jy jou lewe kan inrig.

____________________________________

____________________________________

____________________________________

4. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het? (jy hoef nie noodwendig 'n Antwoord te hê hierop nie)

____________________________________

____________________________________

____________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelgedeelte?

____________________________________

____________________________________

____________________________________



## Dag 26 **JAKOBUS 2**

### Moenie volgens die uiterlike oordeel nie

1My broers, julle wat glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie. 2Sê nou daar kom in julle samekoms 'n man in met goue ringe aan sy vingers en met deftige klere aan en daar kom ook 'n brandarm man in met ou klere aan, 3en sê nou julle maak 'n ophef van die man met die deftige klere en julle sê vir hom: “Kom sit u hier gemaklik,” maar vir die arm man sê julle: “Gaan staan jy daar anderkant” of: “Kom sit hier by my voete,” 4het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel nie?

5Luister, my liewe broers! Kies God nie juis dié uit wat in die oë van die wêreld arm is, om ryk te wees in die geloof en om die koninkryk in besit te neem wat Hy belowe het aan dié wat Hom liefhet nie? 6Maar julle behandel die arm man met minagting. Is dit nie die rykes deur wie julle uitgebuit word nie, en is dit nie hulle deur wie julle voor die hof gesleep word nie? 7Is dit nie hulle wat die goeie Naam skend van Hom aan wie julle behoort nie? 8As julle werklik die wet van die koninkryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,” dan doen julle reg. 9Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders. 10As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie. 11God wat gesê het: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie,” het ook gesê: “Jy mag nie moord pleeg nie.” As jy nou nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord, is jy tog 'n oortreder van die hele wet. 12Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vrymaak. 13Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.

### Glo en doen

14Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red? 15Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly, 16en sê nou een van julle sou vir hulle sê: “Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,” maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan? 17So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot dade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.

18Maar iemand kan miskien sê: “Die een het die geloof en die ander het die dade.” Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder dade is, en ek sal jou my geloof wys uit my dade. 19Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs. 20Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nutteloos is? 21Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie? 22Jy sien dus dat sy geloof met dade gepaardgegaan het en dat dit eers deur dade volkome geword het. 23So is die Skrif vervul wat sê: “Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek,” en hy is 'n vriend van God genoem. 24Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy dade en nie net op grond van sy geloof nie. 25Is Ragab die prostituut nie ook vrygespreek op grond van wat sy gedoen het toe sy die verkenners weggesteek en hulle met 'n

ander pad laat ontkom het nie? 26'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot dade kom nie, ook dood.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Skryf 'n vers of sin neer wat vir jou leer of 'n opdrag gee oor hoe om te lewe.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

3. Kies 'n vers en verduidelik hoe jy jou lewe kan rig of verander deur meer so te leef.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

4. Is daar iets nuuts wat jy vandag raakgelees het of weer opnuut van bewus geraak het? Skryf dit neer.

__________________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________

5. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed : ______________________________

__________________________________

__________________________________

__________________________________

6. Skryf 'n waarheid neer, oor wie God is wat jy raakgelees het in vandag se Bybelgedeelte.

__________________________________

__________________________________

__________________________________



# Dag 27 **RUT 1**

### Uit Betlehem na Moab toe en terug

1In die tyd van die leiers was daar op 'n keer hongersnood in die land, en 'n man met sy vrou en sy twee seuns het uit Betlehem in Juda weggetrek om 'n heenkome te soek in die gebied van Moab. 2Die man was Elimelek, sy vrou Naomi, en sy twee seuns Maglon en Kiljon. Hulle was afkomstig uit Efrata in Betlehem in Juda. Hulle het in Moab aangekom en hulle daar gevestig. 3Toe Naomi se man, Elimelek, sterf, het sy en haar twee seuns alleen agtergebly. 4Die twee seuns het later getrou met die Moabitiese meisies Orpa en Rut. Naomi en haar seuns het omtrent tien jaar in Moab gebly. 5Toe haar twee seuns Maglon en Kiljon ook sterf, het sy alleen agtergebly sonder haar seuns en sonder haar man. 6Toe sy verneem dat die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle 'n goeie oes te gee, het sy en haar skoondogters klaargemaak om van Moab af terug te gaan. 7Sy en haar skoondogters het saam vertrek uit die plek waar hulle gebly het, op pad na Juda toe.

8Toe sê Naomi vir haar twee skoondogters: "Julle moet liewer teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here sy liefde aan julle bewys, soos julle aan die oorledenes en aan my liefde bewys het. 9Mag die Here vir julle elkeen weer 'n goeie man en 'n heenkome gee."

Toe sy van hulle wou afskeid neem, het hulle begin huil 10en vir haar gesê: "Nee, ons wil met Ma saamgaan na Ma se volk toe."

11Maar Naomi het weer vir hulle gesê: "Gaan terug, my dogters. Waarom sou julle saam met my wou kom? Het ek nog enige hoop om seuns in die wêreld te bring, sodat julle met hulle sou kon trou? 12Gaan asseblief maar terug, my dogters, ek is te oud om weer te trou; selfs al sou ek sê daar is nog hoop vir my, al sou ek vannag by 'n man slaap, al sou ek nog seuns in die wêreld bring, 13sou julle kon wag tot hulle groot is? Sou julle julle ondertussen daarvan kon weerhou om te trou? Dit is onmoontlik, my dogters. Nee, my lot is swaarder as julle s'n: die Here het teen my gedraai."

14Toe het Naomi se skoondogters weer begin huil, en Orpa het van haar afskeid geneem, maar Rut het by haar gebly. 15Toe sê Naomi: "Kyk, jou skoonsuster het teruggegaan na haar volk en na haar gode toe. Gaan jy nou ook saam met haar terug."

16Maar Rut het geantwoord: "Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; 17waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei."

18Naomi het besef dat Rut vasbeslote was om saam met haar te gaan en sy het opgehou om haar te probeer ompraat. 19Hulle twee is toe saam na Betlehem toe. Met hulle aankoms in Betlehem was daar groot opgewondenheid in die stad, en die vrouens het gesê: "Maar dis mos Naomi!"

20Hierop het Naomi vir hulle gesê: "Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara , want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak. 21My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring."

22So het Naomi uit Moab teruggekom en Rut, haar Moabitiese skoondogter, was by haar. Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes.

1. Onderstreep ‘n vers of twee wat met jou hart praat.

2. Skryf ‘n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer (‘n verbeeldingsprentjie te vorm).

___________________________________

___________________________________

___________________________________

3. Waaroor wil jy ‘n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5.Watter Bybelkarakter se lewensvoorbeeld sal jy ook graag wil nastreef of glad nie wil navolg nie.

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 28 Markus 4:21- 41

## Julle moet luister

21Hy het vir hulle gesê: “'n Lamp kom mos nie onder 'n emmer of onder 'n bed nie? Is dit nie bedoel om op 'n staander gesit te word nie? 22Daar is geen geheim nie, of dit moet openbaar gemaak word; en daar word niks geheim gehou nie, of dit moet aan die lig kom. 23As iemand ore het en kan hoor, moet hy luister!”

24Hy het ook vir hulle gesê: “Gee aandag aan wat julle hoor! Want met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word en daar sal vir julle nog toegevoeg word. 25Wie het, vir hom sal daar nog meer gegee word; en wie nie het nie, van hom sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.”

Die gelykenis van die saad wat vanself groei

26Verder het Hy gesê: “Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land 27en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hóé weet hy self nie. 28Vanself bring die aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die vol koringaar. 29En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is.”

## Die gelykenis van die mosterdsaadjie

30Hy het ook gesê: “Hoe sal ons die koninkryk van God voorstel, of met watter gelykenis sal ons dit uitbeeld? 31Dit is soos 'n mosterdsaadjie. Wanneer dit in die land geplant word, is dit die kleinste van al die soorte saad daar in die land. 32Maar as dit eenmaal geplant is, kom dit op en word dit groter as al die tuinplante. Dit kry sulke groot takke dat die voëls in sy skaduwee kom nes maak.”

## Die gebruik van gelykenisse

33Deur baie sulke gelykenisse het Jesus met die mense oor sy boodskap gepraat, vir sover hulle dit kon verstaan. 34Sonder 'n gelykenis het Hy nie met hulle gepraat nie, maar wanneer Hy met sy dissipels alleen was, het Hy vir hulle alles uitgelê.

## Jesus maak die storm stil

35Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: “Kom ons vaar oorkant toe.”

36Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander skuite by. 37Skielik het daar 'n groot storm losgebars, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol word het. 38Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?”

39Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: “Hou op! Bedaar!”

Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. 40Toe sê Hy vir hulle: “Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?”

41Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”

**1. Kleur ‘n vers of twee in (‘highlight’) wat vir jou uitstaan vanuit hierdie gedeelte uit Markus.**

**2. Onderstreep die verse wat die wonderwerk beskryf wat Jesus gedoen het.**

3. Skryf 'n waarheid neer, wat Jesus die mense geleer het wat vandag jou hart aangeraak het.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybelverse?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ____________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

___________________________________



# Dag 29 JOB 1

## Job word deur rampe getref

1In die land Us was daar 'n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy. 2Hy het sewe seuns en drie dogters gehad 3en was ook die eienaar van sewe duisend stuks kleinvee, drie duisend kamele, vyf honderd paar trekosse, vyf honderd donkies en baie slawe. Onder die mense in die ooste was hy die belangrikste man. 4Sy seuns het om die beurt partytjies gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier. 5Ná so 'n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal 'n brandoffer gebring, “want,” het Job gesê: “miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek.”

Job het dit elke keer gedoen.

6Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die Satan was ook onder hulle. 7Toe vra die Here vir hom: “Waar kom jy vandaan?”

En die Satan antwoord die Here: “Ek het die wêreld deurkruis.”

8Die Here vra toe vir die Satan: “En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad.”

9Toe antwoord die Satan die Here: “Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie! 10U beskerm hom dan, en sy huis en al sy goed. U maak alles wat hy doen, voorspoedig. Selfs sy vee teel vinnig aan. 11Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie.”

12Toe sê die Here vir die Satan: “Alles wat hy het, gee Ek in jou mag oor. Net aan hom self mag jy nie raak nie.”

Die Satan het daarna van die Here af weggegaan.

13En eendag, toe Job se seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis, 14kom 'n boodskapper by Job met die nuus: “Die osse was aan die ploeg, en die donkies het langsaan gewei. 15Toe oorval mense uit Skeba ons en hulle roof alles en maak die slawe dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

16Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Weerlig het die kleinvee en hulle wagters doodgeslaan en verbrand. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

17Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Drie groepe Galdeërs het die kamele geroof en is daarmee weg nadat hulle die slawe doodgemaak het. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

18Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “U seuns en dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer. 19Meteens het daar 'n sterk wind van die woestyn se kant af opgekom en die huis van al vier kante af op u kinders omgewaai. Almal is dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

20Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê:

21“Sonder iets het ek in die wêreld gekom

en sonder iets gaan ek daaruit.

Die Here het gegee en die Here het geneem.

Prys die Naam van die Here."

22Onder alles het Job nie gesondig of God iets verwyt nie.

1. Omkring 'n vers of twee wat vir jou uitstaan.

2. Verhelder die verse wat Job se optrede beskryf, nadat alle rampe hom getref het, in kleur.

3. Waaroor wonder jy of wil jy 'n vraag vra nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

______________________________

______________________________

______________________________

5. Waarvan dink jy, wil God jou bewusmaak deur hierdie storie van Job?

______________________________

______________________________

______________________________

6. Skyf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer.

______________________________

______________________________

______________________________



## Dag 30 **1 JOHANNES 3**

1Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.

2Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. 3Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.

4Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God. 5Julle weet dat Jesus gekom het om die sondes weg te neem, en daar is geen sonde in Hom nie. 6Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie.

7Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy regverdig is; 8wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak.

9Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is. 10Hiéraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie.

### Liefde vir mekaar

11Dít is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê. 12Moenie soos Kain wees nie. Hy het aan die Bose behoort en het sy broer vermoor. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy eie dade sleg was en sy broer s'n reg.

13Broers, moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie. 14Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood. 15Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie. 16Hiéraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê. 17Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie – hoe kan die liefde van God in hom wees?

### 'n Goeie gewete voor God

18Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid. 19Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring. 20As ons gewete ons veroordeel – God is groter as ons gewete, en Hy weet alles.

21Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan; 22en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en doen wat Hy goedvind. 23En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het. 24Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiéraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.

1. Onderstreep 'n vers of twee wat vir jou mooi is.

2. Kleur die vers(e) in, wat 'n waarheid oor Jesus se koms na die aarde beskryf.

3. Skryf 'n sin of vers neer van hoe hierdie Skrifgedeelte jou leer om as kind van God te lewe.

___________________________________

___________________________________

___________________________________

4. Waaroor wonder jy nadat jy hierdie gedeelte deurgelees het?

__________________________________

___________________________________

___________________________________



5. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie Bybel gedeelte?

___________________________________

___________________________________

___________________________________

6. Kies 'n vers en verander dit in 'n kort (een-sin) gebed tot God.

Vers : ___________

Gebed :

___________________________________

___________________________________

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

deur Carien Stander

www.thedesertcall.com

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God sal leer herken soos wat hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op 'n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Laai Kreatiewe en Refelksie Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com